Prolingua

'n Vereniging vir Afrikaanse en Engelse Taalpraktisyns. An Association for English and Afrikaans Language Practitioners.

http://prolingua.org.za

(Also available in English)

Prolingua-lede en ander belangstellendes

Woordeboeke: Gister, vandag en more

Prolingua het weer op Woensdag 12 Junie 2019 'n interessante en kundige spreker, ook op internasionale vlak. Prof. Danie Prinsloo van die Universiteit van Pretoria het baie navorsing gedoen oor elektroniese woordeboeke. Sy aanbieding behels 'n oorsig oor woordeboeke uit die verlede tot op hede met die klem op elektroniese woordeboeke. **Sy aanbieding sal in Afrikaans en/of Engels wees afhangend van die behoefte.**

Die aanbieding begin om 9:30 en duur tot 10:30 in Kamer 1-52 by die Tshwane Munisipaliteit se Ingenieursgebou in Basdenstraat, Centurion. Sien die aangehegte kaart. Tee/Koffie en eetgoed word ná afloop van die aanbieding bedien.

Enigeen is welkom, maar Prolingua-lede en besoekers moet asseblief vir Retha Bosman by rethab@uj.ac.za of Marietjie du Plessis by marietdp@vodamail.co.za so gou as moontlik laat weet wie die aanbieding gaan bywoon vir die getalle vir die verversings. Prolingua-lede betaal R20 en nielede R50 en die geld is betaalbaar voor die aanbieding begin. Studente is baie welkom en betaal geen toegang nie.

Laat asseblief genoeg tyd toe om parkeerplek te kry en om die lokaal te bereik.

Prolingua sien uit om almal daar te ontmoet!

Dr. Marietjie du Plessis
Voorsitter: Prolingua
082 867 8100